

# Landboubedrywighede in die Franschhoekvallei, 1688-1827\*

H.S. Joubert

Hoër Landbouskool Oakdale, Riversdal


IN DIE STREEK bekend as die Drakensteinvallei word tans 'n redelike groot verskeidenheid boerderybedrywe beoefen. Wynbou en vrugte vorm die hoofbedryf van die Franschhoekomgewing, terwyl pluimvee-, vark- en beesboerdery soms ook as bybedryf aangetref word.<sup>1</sup> Die pioniersjare van die kontrei word insgelyks gekenmerk deur uiteenlopende landbouaktiwiteite wat op die besondere potensiaal en vrugbaarheid van die gebied dui. In dié bydrae val die klem hoofsaaklik op die ontstaan en groei van die Blanke agrariese samelewing in die Franschhoekvallei. Die jaartal 1688 hou verband met die vestiging van die eerste Hugenote in die gebied, terwyl op die einddatum besluit is omdat die plaaslike bestuursinstelling (Raad van Landdros en Heemrade) in 1827 ontbind en deur 'n nuwe (Britse) bestuursstelsel van siviele kommissarisse en resident-magistrate vervang is.

Die Franschhoekvallei vorm deel van die uitgestrekte Drakensteinvallei wat uit die teenswoordige landdrostdistrikte Paarl en Wellington bestaan. Die hart daarvan is geleë in die suidoostelike hoek van die Grotere Drakensteinvallei, sowat 25 kilometer van die Paarl.<sup>2</sup> In die rigting van laasgenoemde en Stellenbosch word die Franschhoekvallei deur onderskeidelik die Wemmershoekberge en die Bergrivier begrens, terwyl die halfmaanvormige Franschhoekberge die natuurlike grens van die res van die vallei uitmaak. Dit is 'n vrugbare, waterryke gebied en word goed gedreineer deur stroompies wat die Franschhoekrivier voed.<sup>3</sup> Aan die begin van die 18de eeu het die reisiger Peter Kolbe juis gemeld dat die landstreek volop vrugte oplewer "want de lucht is zeer goed, het klimaat gezond, en het water rykelik, heerlyk en overvloedig."<sup>4</sup> Vestiging in die geweste deur persone wat hulle op die landbou wou toelê, sou dus eintlik vanselfsprekend plaasvind.



Vroeë foto van Franschhoek.

FOTO: KAAPSE ARGIEFBEWAARPLEK, KAAPSTAD



Afbakening van die Drakensteinvallei.

KAART: C.J. SWANEVELDER, STELLENBOSCH

## VROEË VESTIGING EN GRONDTOEKENNING

Reeds in Oktober 1687 het kommandeur Simon van der Stel 23 plase aan die Bergrivier in Drakenstein aan 'n groep Hollandse koloniste of vryburgers toegeken. Die nuwe nedersetting sou weldra in 'n suidoostelike rigting uitgebrei word veral as gevolg van die aankoms van die Hugenote gedurende 1688 en die daaropvolgende jare.<sup>5</sup> Sowat nege of tien gesinne van die eerste groep Franse vlugtelinge is uitgeplaas na Franschhoek, toe nog bekend as Olifantshoek. Teen 1700

\*Hierdie bydrae is hoofsaaklik gebaseer op die skrywer se M.A.-verhandeling getiteld *Vroeë Blanke vestiging in die Franschhoekvallei, 1688-1827* wat in 1985 voorgelê is aan die Universiteit van Stellenbosch, met dr. J.C. Visagie as studieleier.

L.W. Alle argivale verwysings berus op bronne in die Kaapse Argiefbewaarpark.

<sup>1</sup> A.G. OBERHOLSTER en P. VAN BREDA (reds.), *Paarlvallei 1687-1987* (Pretoria, 1987), pp. 10-11.

<sup>2</sup> R.J.M. RAVENHART (red.), *Cape of Good Hope, 1652-1702 ...* (Kaapstad, 1971), p. 16; W. ALBERTYN (red.), *Amtelike Suid-Afrikaanse munisipale jaarboek 1980* (Pretoria, 1980), p. 48.

<sup>3</sup> J.A. COETZEE, *Die Bo-Bergriviervallei: 'n ekonomies-geografiese verhandeling* (M.A., US, 1951), p. 89; J.L.M. FRANKEN, *Die Hugenote aan die Kaap, Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 41, 1978, p. 13; OBERHOLSTER en VAN BREDA, *Paarlvallei*, pp. 6-8.

<sup>4</sup> P. KOLBE, *Naaukeurige en uitvoerige beschrywing van de Kaap de Goede Hoop, I* (Amsterdam, 1727), p. 116; P. COERTZEN, *Die Hugenote van Suid-Afrika 1688-1988* (Kaapstad, 1988), p. 91.

<sup>5</sup> COERTZEN, *Hugenote van Suid-Afrika*, p. 87; OBERHOLSTER en VAN BREDA, *Paarlvallei*, pp. 73 en 151.

het ongeveer 200 Hugenote al in die Kaap aangekom en verreweg die grootste konsentrasie van die immigrante is in die Franschhoekvallei aangetref.<sup>6</sup>

Dieselfde metode van grondtoekenning wat vir die vryburgers gegeld het, is ook vir die Hugenote gevolg. Aan elke voornemende boer is omtrent 60 morg (51 hektaar) grond toegesê of beloof wat hy sonder versuim moes begin bewerk. Dit sou na 'n paar jaar ingevolge die sogenaamde eiendomstelsel aan hom toegeken word.<sup>7</sup> Ofskoon die plaas dus die betrokke persoon se eiendom geword het, was dit onderworpe aan sekere voorwaardes. In die grondbrief van die plaas Champagne wat in 1711 aan die Hugenoot Abraham de Villiers uitgereik is, verskyn enkele daarvan. Daar is byvoorbeeld bepaal dat die eienaar genoeg moes neem met 'n openbare wapendrift op sy plaas. Indien hy bome op sy eiendom sou afkap, moes hy dit met jong eikebome of ander houtsoorte vervang. Hy moes jaarliks ook 'n tiende van sy oesopbrengs aan die VOC afstaan. Sou die eienaar een van hierdie voorwaardes verontagsaam of sy grond nie behoorlik bewerk en beplant nie, kon die owerheid hom sy eiendom ontnem en dit aan iemand anders oordra.<sup>8</sup>

Die toekenning, opmeting en registrasie van eiendomsplase was 'n duur, tydrowende proses en is meestal deur 'n tekort aan landmeters vererger.<sup>9</sup> Eienaars van sulke plase moes dus lank vir hul grondbriewe wag. In 1706 het twee Franschhoekse boere, Estienne Niel en Jacques Malan, juis teenoor landdros J. Starrenburg gekla omdat hulle hul plase reeds vir omtrent elf jaar besit het, maar nog geen grondbriewe daarvoor ontvang het nie. Ten spyte van die klagtes het Niel die grondbrief van sy plaas La Dauphine eers in 1710 ontvang en Malan syne vir La Motte drie jaar later. Die meeste Franschhoekse boere moes tussen sestien en negentien jaar vir grondbriewe wag. Die vertraging wat deels aan versuim en deels aan swak administrasie te wyte was,<sup>10</sup> het landbou-ontwikkeling in die beginjare gestrem aangesien dit boere onseker oor hulle toekoms en grondeienaarskap gestem het.



Opstal van La Provence, een van die vroegste Hugenoteplase.

FOTO: HUGENOTE-GEDENKMUSEUM, FRANSCHHOEK

In Julie en Augustus 1813 het goewerneur J.F. Cradock die ewigdurende erfpagstelsel aangekondig. Dit het 'n einde gemaak aan die bestaande stelsels van grondbesit en plase sou voortaan slegs in ewigdurende erfpag toegeken word. Nuwe grondeienaars moes 'n jaarlikse erfpag aan die regering betaal. Hierdie plase is deeglik opgemeet en na behoorlike registrasie het die eienaar 'n grondbrief ontvang.<sup>11</sup>

Die situasie ten opsigte van enkele van die grootste eiendoms- en erfpagplase in die Franschhoekvallei gedurende 1826 word in die tabel langsaan weerspieël.<sup>12</sup>

'n Klompie Franschhoekse boere het in die loop van die 18de eeu ook leningsplase bekom wat geleidelik na 1700 uit die weilsensiestelsel ontwikkel het. Vanaf 1703 is weilsensies aan boere uitgereik om in die behoefte aan groter weiveld vir hulle vee te voorsien. Hulle moes rekognisiegeld betaal

Eienaar	Grondbesit	Plaasnaam	Grootte*
D. Hugo	Eiendom	Cabriere	17 morg en 439 roede
P. le Roux	Eiendom	Cabriere	43 morg en 533 roede
A.P. le Roux	Erfpag	-	26 morg en 280 roede
E.C. Hauman	Eiendom	Champagne	60 morg en 300 roede
P.E. Hauman	Eiendom	La Bric	50 morg en 200 roede
D.J. le Roux	Eiendom	Bourgogne	66 morg en 400 roede
P.D. de Villiers	Eiendom	La Dauphine	60 morg
A. Roux	Eiendom	Keerweder	41 morg
J. Roux	Erfpag	-	17 morg en 340 roede
T.L. Geldenhuizen	Eiendom	La Dauphine	15 morg en 309 roede
G.J. Joubert	Eiendom	La Motte	45 morg en 118 roede
A.P. de Villiers	Eiendom	La Motte	14 morg en 118 roede
H.J. de Villiers	Eiendom	La Provence	60 morg en 400 roede
G. Lotter	Eiendom	La Motte	60 morg en 200 roede
P. du Toit	Eiendom	La Cotte	60 morg
J.P. van der Merwe	Eiendom	La Terra de Luc	60 morg

\*1 morg = 0,86 ha

1 roede = 3,80 m

en was dan van die gebruik van die weiveld verseker.<sup>13</sup> So het Pierre Joubert, eienaar van die plaas La Provence in die Franschhoekvallei, vroeg in die 18de eeu 'n lisensie ontvang om sy skape en beeste aan die Soutrivier in die Swartland te laat wei.<sup>14</sup>

Om 'n leningsplaas te bekom, het baie minder probleme as 'n eiendomsplaas opgelewer omdat die grond nie eers opgemeet moes word nie. 'n Boer wat 'n leningsplaas wou bekom, het eenvoudig die grond van sy keuse na betaling van rekognisiegeld by die naaste landdros of in Kaapstad laat registreer. Sodoende het hy gebruiksvir een jaar verkry op die leningsplaas wat gewoonlik ongeveer 3 000 morg (2 580 hektaar) groot was.<sup>15</sup>

Beskikbare inligting toon dat min Franschhoekers in besit van leningsplase was. Op 26 Maart 1788 het Pieter Eduard Hauman wat op die plaas Laborie geboer het,<sup>16</sup> die eienaar geword van die leningsplaas Sandrivier (Sandfontein) wat oorkant die Doodrivier in Riviersonderend geleë was.<sup>17</sup> Die leningsplaas Bosmanskloof (Bossimanskloof) agter die Franschhoekberge in Riviersonderend is op 16 Januarie 1783 deur Jan Roux "op ordonnansie geneem". Op 6 Februarie 1794 het sy seun, Daniel Roux, die plaas bekom en dit in Mei 1808 aan Petrus Roux, Anthonie Roux en Jacobus

<sup>6</sup> COERTZEN, *Hugenote van Suid-Afrika*, pp. 82 en 91; OBERHOLSTER en VAN BREDa, *Paarlvallei*, pp. 16-19.

<sup>7</sup> L. BRYER en F. THERON, *Die Hugenote en hul erfenis* (Kaapstad, 1987), p. 42; C.G. BOTHA, *Die Kaapse Hugenote* (Kaapstad, 1939), pp. 141-146; COERTZEN, *Hugenote van Suid-Afrika*, p. 89; OBERHOLSTER en VAN BREDa, *Paarlvallei*, p. 73.

<sup>8</sup> CTD 17 Title Deeds, Stellenbosch, Drakenstein and Swellendam Districts II, 1704-1785, pp. 25-26 : Title Deed of Champagne, 25.1.1711.

<sup>9</sup> F. SMUTS (red.), *Stellenbosch drie eeue* (Stellenbosch, 1979), p. 73.

<sup>10</sup> CTD 17, pp. 21-22, 25-26, 75-76 en 85-87 : Title Deed for La Dauphine, 14.8.1710; Title Deed for La Motte, 18.12.1713; ook COERTZEN, *Hugenote van Suid-Afrika*, p. 89.

<sup>11</sup> SMUTS, *Stellenbosch*, pp. 76-77.

<sup>12</sup> J278, J282 en J283 Opgaafrolle vir Stellenbosch (veldkornetskap Franschhoek), 1825-1826.

<sup>13</sup> J244 Opgaafrol ..., 1812; SMUTS, *Stellenbosch*, p. 76.

<sup>14</sup> CTD 17, pp. 57-58 : Title Deed of La Provence, 11.5.1712; RLR 1 Oude Wildschutte Boek, p. 181, 13.1.1704.

<sup>15</sup> SMUTS, *Stellenbosch*, p. 76.

<sup>16</sup> J232 Opgaafrol ..., 1805.

<sup>17</sup> J237 Opgaafrol ..., 1808; QRR 302 Quitrent Registers, p. 619 : Loan places, Stellenbosch.

Stephanus Malan verkoop. Op sy beurt het Anthonie Roux in Januarie 1822 Malan se aandeel in Bosmanskloof gekoop en vier jaar later in 'n byvoegsel tot sy testament bepaal dat sy aandeel in Bosmanskloof na sy dood aan sy seun Johannes Jacobus Roux vir 3 000 gulden getranspoteer moes word. Sy ander seun, Andries Stevanus Roux, kon die plaas gebruik, mits hy die helfte van die rekognisiegeld sowel as die helfte van die rente van 3 000 gulden betaal.<sup>18</sup>

Die leningsplaas Waterval in Riviersonderend is op 23 Februarie 1745 deur Jan Christoffel Schabard "op ordonnansie geneem" en het daarna nog drie eienaars gehad voordat dit op 20 April 1775 deur D.J. de Kock bekom is. Die Franschhoekers P.E. Hauman en sy seun het Waterval op 5 Mei 1819 op 'n openbare veiling vir 16 000 gulden van die weduwee De Kock gekoop.<sup>19</sup> Volgens die opgaafrol van 1812 vir die veldkornetskap Franschhoek was Pieter Daniel de Villiers die eienaar van die leningsplaas Palmietsvallei wat net agter die Franschhoekberge in Riviersonderend geleë was.<sup>20</sup>

Die vestiging van veral Hugenote in die Franschhoekvallei gedurende die 17de en vroeë 18de eeu het aan die landstreek 'n besondere karakter verleen. Mettertyd het 'n gemeenskap daar ontwikkel waarvan die oorgrote meerderheid op die een of ander wyse aan die boerderybedryf verbonde was. In die volgende afdelings word sommige van die probleme behandel waarmee die pionierlandbouers te kampe gehad het en word enkele van die belangrikste soorte boerdery wat hulle beoefen het, bespreek.

## ARBEID

Aangesien byna al die werk op die wingerdplase in die Franschhoekvallei met die hand verrig moes word, was arbeid van groot belang vir landbouontwikkeling. Dit is nietemin te betwyfel of die vroegste setlaars enige slawe besit het omdat hulle nie finansiël daartoe in staat was nie. Teen die einde van die 17de eeu het heelwat boere egter al van slawe en Khoi as arbeiders gebruik gemaak.<sup>21</sup> Van die 24 Franschhoekse boere wat in 1803 hulle opgawes verstrek het, het tien Khoi in diens gehad, negentien het van slawe-arbeid gebruik gemaak, terwyl agt oor die diens van sowel slawe as Khoi-arbeiders beskik het.<sup>22</sup>

Baie van die Khoi wat hulle aan die boere in die Franschhoekvallei verhuur het, het van gebiede soos Kogmanskloof, Sondagsrivier, Sneeberg en Swartkopsrivier gekom. Alhoewel hulle uitstekende veewagters was, was hulle liggaamlik te swak om die swaar werk op wingerdplase te verrig. Gevolglik het Franschhoekers die Khoimans meestal as wadrywers gebruik, terwyl die vroue Blanke kinders moes oppas en in die huise help werk.<sup>23</sup>

Die skaarste aan arbeiders wat dikwels aan die Kaap ge-

*Oestyd op die plaas Keerweder, distrik Franschhoek (waarskynlik laat-19de eeu).*

FOTO: HUGENOTE-GEDENKMUSEUM, FRANSCHHOEK



heers het, het vir wynboere 'n ernstige probleem geskep omdat dit uitbreiding van die wynbou aan bande gelê het. Die arbeidstekort het onder meer ontstaan omdat geen slawe tydens die laaste twee jare van die Kompanjiesbewind ingevoer is nie. Slawepryse het in dié tyd boonop die hoogte ingeskiet. Alhoewel die Britse regering teen die invoer van slawe gekant was, het die ernstige arbeidstekort hulle tog daartoe gedwing. Te min slawe is egter ingevoer. Ook tydens die Bataafse bewind is slawe-invoer beperk en na 1806 het die posisie geensins verbeter nie.<sup>24</sup>

Met verloop van tyd is die arbeidstekort effens verlig en het welgestelde boere meer slawe begin aanhou; die armer boere moes egter steeds met min arbeiders klaarkom. Teen 1806 het elke boer in die Franschhoekvallei gemiddeld meer as vier slawemans bo die ouderdom van sestien besit. Sowat tien jaar later was Pierre Joubert die eienaar van 22 slawe, terwyl die meerderheid boere in die kontrei elk minder as tien slawe besit het.<sup>25</sup>

Aangesien hulle tot 2 500 riksdaalders per slaaf moes betaal, was slawe 'n belangrike kapitale bate vir wynboere. Indien 'n slaaf dus sou dros of te sterwe kom, het dit aansienlike skade beteken. Die talle klagtes van Franschhoekse boere dui daarop dat hulle voortdurend probleme gehad het met slawe wat dros.<sup>26</sup> Slawe het gewoonlik na die Wemmershoek- of Franschhoekberge gevlug en is met groot moeite opgespoor. In 1827 het Pieter Daniel de Villiers, oud-veldkornet van Franschhoek, byvoorbeeld gekla dat hy binne 'n kort tyd sewe van sy slawe verloor en daardeur 'n gevoelige finansiële verlies gely het.<sup>27</sup>

## WYNBOU

Die Hugenote wat teen die einde van die 17de eeu plase in die Franschhoekvallei ontvang het, het 'n groot bydrae gelewer om wynbou daar te vestig. Baie van hulle het van die beste wingerdplase in Frankryk gekom en enkele het besondere kennis van die wynbou gehad. So is die drie broers Abraham, Pierre en Jacob de Villiers spesiaal deur die Kompanjie vanweë hulle kennis van wynbou na die Kaap gestuur. Hulle het elk 'n plaas in die Franschhoekvallei ontvang (nl. Bourgogne, Champagne en La Brie).<sup>28</sup> Die vroeë bewoners van die gebied was vir hul ekonomiese bestaan feitlik geheel en al van die wynbou afhanklik.

<sup>18</sup> 1/STB 11/18 Register (Grootboek) van leningsplase; RLR 29 Oude Wildschutte Boek, p. 106, 16.1.1783; TTD 18 Lists of transfer dues received, 30.1.1822; MOOC 7/7/134 Testamente (algemene reeks), no. 23, 1.1.1826.

<sup>19</sup> TTD 18 Lists of transfer dues received, 30.1.1822; QRR 302 Quitrent Registers, p. 717; 1/STB 11/19 Register (Grootboek) van leningsplase, p. 19; 1/STB 11/22 Register van plase, 1813, fol. 717.

<sup>20</sup> J244 Opgaafrol ..., 1812; 1/STB 11/13 Rekognisie register (leningsplase), 1815-1828, p. 44.

<sup>21</sup> BRYER en THERON, *Die Hugenote en hul erfenis*, p. 45.

<sup>22</sup> J231 Opgaafrol ..., 1804.

<sup>23</sup> J228 en J269 Opgaafrolle ... vir onderskeidelik 1803 en 1823; 1/STB 16/139 Register van Hottentotte, 1812; H.B. GILIOME, *Die Kaap tydens die eerste Britse bewind, 1795-1803* (Kaapstad, 1975), pp. 203-204.

<sup>24</sup> D.J. VAN ZYL, *Die geskiedenis van wynbou en wynhandel in die Kaapkolonie, 1795-1860* (D.Phil., US, 1973), pp. 15-17; OBERHOLSTER en VAN BREDA, *Paarlvallei*, p. 77.

<sup>25</sup> J233, J242, J248 en J255 Opgaafrolle ... vir onderskeidelik 1806, 1810, 1814 en 1817.

<sup>26</sup> 1/STB 9/1 Dagregister van Landdros, 24.8.1812, p. 37; 1/STB 10/48 Gemengde inkomende briewe aan Landdros : P.D. de Villiers — Landdros, 19.1.1818.

<sup>27</sup> 1/STB 10/69 Gemengde inkomende briewe aan Landdros : D. Hugo — Landdros, 11.3.1826; 1/STB 10/71 Gemengde inkomende briewe aan Landdros : P.D. de Villiers — Landdros en Heemrade, 22.6.1827.

<sup>28</sup> COERTZEN, *Hugenote van Suid-Afrika*, pp. 111-112; BRYER en THERON, *Die Hugenote en hul erfenis*, pp. 61-65.

Gedurende die 18de eeu het die getal wingerdstokke in Drakenstein byvoorbeeld van 600 000 (in 1701) tot oor die 4 miljoen (in 1783) vermeerder.<sup>29</sup> In die Franschhoekvallei het wyn- en brandewynproduksie tussen 1804 en 1827 ook 'n sterk toename getoon.<sup>30</sup>

Jaar	Wingerdstokke	Wynproduksie (lêers)	Brandewynproduksie (lêers)
1804	599 000	372	26
1809	625 000	364	26,5
1814	761 000	358,5	21,375
1819	1 014 600	588,5	35,125
1824	1 087 000	794	46,625
1827	1 291 000	753	48,75

Daar kan min twyfel bestaan dat die buitengewone hoë wynpryse (135-183 riksdaalders per lêer) ná 1813 boere aangespoor het om meer wingerdstokke aan te plant.<sup>31</sup>

Uit die tabel blyk dit dat wyn- en brandewynproduksie in die betrokke tydperk nie konstant gegroei het nie. Periodieke dalings het inderdaad weens droogtes en ontydige reëns voorgekom.

Vroeg in die 19de eeu het verskeie Franschhoekse boere 'n belangrike bydrae tot die wynbou in die Franschhoekvallei gelewer. So byvoorbeeld het Pierre Joubert, eienaar van La Provence, in 1804 ongeveer 96 000 wingerdstokke op sy plaas gehad. Hy het in daardie jaar 80 lêers wyn en ses lêers brandewyn geproduseer.<sup>32</sup> Hierdie toonaangewende boer met sy groot ondernemingsgees het steeds meer wingerdstokke aangeplant sodat dit in 1819 tot 146 000 aangegroei het. Sy 135 lêers wyn en agt lêers brandewyn in daardie jaar het sowat 23% van die totale wynproduksie in die Franschhoekvallei verteenwoordig.<sup>33</sup>

Twee ander boere wat die wynbou in die tydperk help bevorder het, was Pieter Daniel de Villiers van die plaas Goede Rust en Pieter Eduard Hauman, eienaar van Laborie. Nog 'n suksesvolle wynboer was Daniel Hugo wat in 1818 as veldkornet van Franschhoek aangestel is en as verteenwoordiger van die Franschhoekse wynboere in verskeie komitees opgetree het.<sup>34</sup>

Wynboere het die grootste deel van hulle wyn- en brandewynproduksie aan wynkopers en kleinhandelaars in Kaapstad verkoop. Hulle het ook die reg gehad om wyn en brandewyn regstreeks aan dorpenaars en bemannings van besoeke skepe te verkoop. Soms het hulle hul produksie vir

*Brandewynstokery op Keerweder in die distrik Franschhoek (waarskynlik laat-19de eeu).*

FOTO: HUGENOTE-GEDENKMUSEUM, FRANSCHHOEK



die gebruik benut of dit aan boere in die binneland verkoop wat nie self wyn en brandewyn gemaak het nie. Die drastiese daling in die wynprys na 1821 het talle wynboere swaar getref. Saam met die swaar verbandlenings op hul grond het die lae wynprys meegebring dat sommige boere selfs van hulle vee moes verkoop om in die behoeftes van hul gesinne te voorsien. Vervoerkoste was 'n verdere negatiewe faktor omdat wynboere hulle produkte self na Kaapstad moes vervoer. Die ossewa het as enigste vervoermiddel 'n belangrike rol in die landbou-aktiwiteite van die Franschhoekvallei gespeel. Omdat 'n ossewa net twee lêers wyn of brandewyn op 'n keer kon vervoer, het dit meegebring dat die wynboer P. Joubert wat 143 lêers wyn en brandewyn in 1819 geproduseer het, ongeveer 71 reise na Kaapstad moes onderneem indien hy dit daar wou bemark.<sup>35</sup>



*Smidswinkel op die hoek van Klip- en Wilhelminastraat, Franschhoek, teen ongeveer die eeuwisseling.*

FOTO: HUGENOTE-GEDENKMUSEUM, FRANSCHHOEK

Paaie na Kaapstad was boonop in 'n uiters swak toestand en veral die sanderige pad oor die Kaapse Vlakte het boere baie probleme besorg. Aangesien daar nie 'n brug oor die Bergrivier was nie, het die gevaar altyd bestaan dat boere hulle waens en trekosse kon verloor wanneer dit in vloed was. In 1813 het Pieter Eduard Hauman, een van die oudste inwoners van Franschhoek, daarop gewys dat die Bergrivier na swaar reëns nie met veiligheid oorgesteek kon word nie. Vloedwater het dus dikwels veroorsaak dat die togte van Franschhoek na Kaapstad vertraag is.<sup>36</sup>

Nadat die Catspad (Franschhoekpas) voltooi is, het goewerneur Charles Somerset in 1819 goedgekeur dat 'n taphuis in Franschhoek opgerig word. Die wyn- en brandewynpag in Franschhoek is vir 'n jaar toegeken aan C. de Waal, die kloofmaker van die Catspad. Die paggebied het gestrek van die waterval van Groot Drakenstein tot by die Wemmershoekberge en het die plase L'arc de Orleans en Bellingham ingesluit. Van dié twee plase af het die paggebied tot by

<sup>29</sup> OBERHOLSTER en VAN BRED, *Paartvallei*, p. 75.

<sup>30</sup> Inligting verwerk uit die volgende opgaafrolle van die distrik Stellenbosch: J231 (1804), J239 (1809), J248 (1814), J260 (1819), J272 (1824) en J285 (1827).

<sup>31</sup> OBERHOLSTER en VAN BRED, *Paartvallei*, p. 76.

<sup>32</sup> J231 en J232 Opgaafrolle ..., 1804-1805.

<sup>33</sup> J260 Opgaafrol ..., 1819.

<sup>34</sup> J231, J232 en J260 Opgaafrolle ... vir onderskeidelik 1804, 1805 en 1819; 1/STB 1/37 Notule van Landdros en Heemrade, 14.12.1818; VAN ZYL, *Geskiedenis van wynbou*, pp. 135 en 312-313.

<sup>35</sup> J260 Opgaafrol ..., 1819; OBERHOLSTER en VAN BRED, *Paartvallei*, p. 77.

<sup>36</sup> 1/STB 1/32 Notule van Landdros en Heemrade, 14.6.1813; VAN ZYL, *Geskiedenis van wynbou*, p. 22.

die Amandelrivier aan die oostekant van die Franschoekberge gestrek.<sup>37</sup>

Die pagter kon slegs binne hierdie gebied wyn en brandewyn tap en verkoop. Hy het ook die reg gehad om wyn te koop van wie hy wou, mits dit van goeie gehalte was. Alhoewel die pagter self die pryse van sy wyn en brandewyn vasgestel het, moes hy dit aan die begin van sy pagtydperk vir goedkeuring aan die landdros voorlê. Hy kon nie sy pag sonder die toestemming van die landdros aan iemand anders oordra nie en is ook verbied om met wynboere 'n ooreenkoms vir drankvoorsiening of -pryse aan te gaan.<sup>38</sup>

As gevolg van 'n toename in dranksmokkelary na 1820 het pagters in die Kaapkolonie baie minder drank as tevore verkoop en het hulle winste skerp gedaal. Die pagter in Franschoek het weldra met dieselfde probleem te kampe gekry. Sommige boere in die Franschoekvallei het hulle ook aan smokkelary skuldig gemaak en van hul wyn verkoop aan koloniste wat oor die Franschoekpas gereis het. Hoewel die Franschoekers gewaarsku is dat hulle vir sodanige oortreding 'n boete van 100 riksdalers opgelê kon word, het smokkelary as 'n negatiewe faktor in die wynboubedryf voortgeduur.<sup>39</sup>

## GRAANBOU, VRUGTEKWEKERY EN GROENTEVERBOUING

Sedert hul vestiging in die Franschoekvallei het die Hugenote hul aandag meestal aan die wynbou gegee en hulle nie juis op ander soorte boerdery toegelê nie. Graanverbouing is dus verwaarloos, veral ook vanweë die groot skade wat gereeld deur droogtes, oorstromings en die swart suidooster aangerig is. Dit was eers teen 1695 dat enigsins begin is met die produksie van graansoorte soos koring, rog, gars en hawer — dog nooit werklik op groot skaal nie.<sup>40</sup> Vroeg in die 19de eeu is die meeste graan aan die Kaap steeds in die distrikte Kaapstad en Stellenbosch verbou. Alhoewel daar volgens die opgaafrolle van laasgenoemde distrik verskeie Franschoekse boere was wat wel graan gekweek het, was die Franschoekvallei nooit 'n vername graangebied nie.<sup>41</sup>

In 1817 het landdros D.J. van Ryneveld aangetoon dat feitlik geen graan in die gebiede Franschoek, Stellenbosch, Paarl, Wagenmakersvallei, Hottentots-Holland, Groot-Drakenstein en Klein-Drakenstein verbou word nie. Volgens hom kon boere in die gebiede slegs in buitengewoon goeie jare in hulle eie behoeftes voorsien. Boere in die Franschoekvallei het in 1817 slegs 94 mud rog gewen, terwyl hulle 819 mud koring, 131 mud rog, 226 mud hawer en 31 mud gars vir eie gebruik en saaidoeleindes benodig het.<sup>42</sup> Volgens die opgaaflys van 1825 vir boerderyaktiwiteite in Drakenstein blyk dit dat in die verskillende veldkornetskappe (insluitende Franschoek) in die betrokke jaar reeds meer as 9 miljoen wingerdstokke aangeplant was. Daarenteen het al die graanboere van die gebied saam net 3 546 mud koring, 3 035 mud gars, 4 313 mud hawer en 714 mud rog gewen. Die situasie het teen Oktober 1825 geensins verbeter nie want toe het veldkornet Daniel Hugo van Franschoek gerapporteer dat in sy wyk maar weinig gesaai word en dat dit "sleggesteld" met die boere se koringoes was.<sup>43</sup> Die graanproduksie van die boere in die Franschoekvallei vir die tydperk 1804 tot 1827 blyk uit die tabel langsaan.<sup>44</sup>

Groenteverbouing en vrugtekwekery wat sedert die volksplanting aan die Kaap beoefen is, het aan die begin nie werklik groot afmetings in die Franschoekvallei en Drakenstein aangeneem nie. Die sagtevrugtebedryf in die Wes-Kaap is trouens eers teen die einde van die 19de eeu gevestig. Omdat groente en vrugte selde in opgawes en verslae vermeld is, kan moeilik vasgestel word watter soorte in die ge-

Jaar	Koring (mud)	Rog (mud)	Hawer (mud)
1804	64	93	-
1809	-	-	-
1814	8,5	56,5	-
1819	19	62	12
1824	-	73	24
1827	-	32	-

bied gekweek is. In reisbeskrywings soos dié van John Barrow word nogtans dikwels melding gemaak van groente en vrugte soos wortels, kool, rape, slaai, granate, appelpose, perskes, vye, appels en pere wat in die Franschoekvallei gekweek en selfs aan die Kaapse mark gelewer is. Daar was ook Franschoekse boere wat moerbeie, amandels en okkerneute verbou het. Die verbouing van vrugte en groente in die Franschoekvallei het in die 18de en 19de eeu egter op baie beperkte skaal voorgekom.<sup>45</sup>

## VEEBOERDERY

Omdat boere in die Drakenstein van die begin af 'n chroniese gebrek aan weigrond ondervind het, was die streek nie vir sy klein- en grootvee bekend nie. Namate meer grond vir die wynbou benodig is, het die weidingtekort toegeneem sodat boere in die Franschoekvallei vee slegs op 'n beperkte skaal en vir eie behoeftes kon aanhou. Hulle is toegelaat om hul diere op groot stukke gemeenskaplike weigrond te laat loop. So byvoorbeeld het P. Joubert, J. Malan, P.E. Hauman, D. Jacobse en A. Roux die gebied bekend as Berg-riviershoek teen 1804 as weigrond vir hulle vee gebruik.<sup>46</sup>

In die somermaande was die weiveld nietemin so beperk dat die Franschoekers verplig was om hulle vee na die binneland te stuur. In sy reisbeskrywing het Peter Kolbe die gebrek aan weiding hoofsaaklik toegeskryf aan die suidooster, "die overal veel schade veroorzaakt, alles verdroogt en het dor gras wegrukt."<sup>47</sup> Die somerdroogte het osse so verswak dat Daniel Hugo, veldkornet van Franschoek, in 1805 aan die landdros gerapporteer het dat hy hulle nie vir

<sup>37</sup> CO 4841 Letters despatched (general letter book), p. 414 : C. Bird — Landdros en Heemrade, Stellenbosch, 10.8.1819; 1/STB 1/38 Notule van Landdros en Heemrade, 2.8.1819 en 4.10.1819, pp. 105 en 216.

<sup>38</sup> CO 2623 Letters received from Drostdy Stellenbosch : Landdros en Heemrade — R.S. Donkin, 28.8.1820; VAN ZYL, *Geskiedenis van wynbou*, p. 220.

<sup>39</sup> 1/STB 20/22 Uitgaande briewe van Landdros en Heemrade, folio's 123-124 : Landdros en Heemrade — D. Hugo, 5.6.1820; 1/STB 1/44 Notule van Landdros en Heemrade, 7.3.1825, p. 435; 1/STB 20/42 Uitgaande briewe van Landdros : D.J. van Ryneveld — D. Hugo, 10.12.1822; VAN ZYL, *Geskiedenis van wynbou*, p. 222.

<sup>40</sup> COERTZEN, *Hugenote van Suid-Afrika*, pp. 112-113.

<sup>41</sup> 1/STB 20/37 Uitgaande briewe van Landdros : D.J. van Ryneveld — H. Alexander, 21.3.1817; VAN ZYL, *Geskiedenis van wynbou*, p. 194.

<sup>42</sup> 1/STB 20/37 : D.J. van Ryneveld — H. Alexander, 21.3.1817.

<sup>43</sup> 1/STB 10/46 Gemengde inkomende briewe aan Landdros : P.D. de Villiers — D.J. van Ryneveld, 6.3.1817; 1/STB 10/158 Gemengde inkomende briewe van veldkornette en wykmeester : D. Hugo — D.J. van Ryneveld, 25.10.1825; OBERHOLSTER en VAN BRED, *Paarlvallei*, p. 95.

<sup>44</sup> Inligting verwerk uit die volgende opgaafrolle van die distrik Stellenbosch: J231 (1804), J239 (1809), J248 (1814), J260 (1819), J272 (1824) en J285 (1827).

<sup>45</sup> J. BARROW, *Travels into the interior of southern Africa, I* (Londen, 1806), p. 12; COERTZEN, *Hugenote van Suid-Afrika*, p. 113; OBERHOLSTER en VAN BRED, *Paarlvallei*, pp. 90 en 95.

<sup>46</sup> 1/STB 1/22 Notule van Landdros en Heemrade, 12.9.1769, p. 81; 1/STB 10/156 Gemengde inkomende briewe van veldkornette en private persone : P. de Villiers — Landdros en Heemrade, 16.7.1804; 1/STB 1/28 Notule van Landdros en Heemrade, 2.11.1807, p. 50.

<sup>47</sup> KOLBE, *Naaukeurige beschrywing van de Kaap*, p. 116.

openbare diens kon opkommandeer nie.<sup>48</sup> Sommige Franschhoekse boere het leningsplase in Riviersonderend besit waarheen hulle hul osse kon stuur indien die weiding te skaars geword het. In 1803 het Pieter Eduard Hauman van die plaas Laborie sy vee na sy leningsplaas Sandrivier "oor Doornrivier" gestuur waar Pierre Joubert se trekosse hulle ook bevind het.<sup>49</sup>

Uit die opgawes van 'n klompie Franschhoekse boere in 1811,<sup>50</sup> blyk dit dat veeboerdery in werklikheid gering in omvang was. Tog word dit ook duidelik watter belangrike rol die trekdier in die landbou gespeel het:

Eienaar	Trek- en ryperde	Trekosse	Aanteel-beeste	Aanteel-skape	Bokke
P.Joubert	10	68	30	600	150
A. Roux	9	30	-	-	-
M. Lotter	9	20	6	20	120
P.E. Hauman	9	25	16	50	20
D.J. le Roux	5	30	-	-	100
H.L. Pepler	4	30	30	80	-
P. Swanepoel	1	20	-	60	-
D. Hugo	2	16	-	-	-
J.P. van der Merwe	2	14	7	-	40
P. du Toit	8	16	13	-	-

Verskeie Franschhoekse boere het ook op 'n beperkte skaal kleinvee soos skape en bokke aangehou. Tussen 1803 en 1827 het die soort boerdery egter min vooruitgang gemaak. Die welgestelde Pierre Joubert van die plaas La Provence wat van 1803 tot 1811 veldkornet van Franschhoek was, was die enigste boer wat enigszins 'n bydrae op dié gebied gelewer het. Hy het in 1803 slegs 95 aanteelskape besit maar binne twee jaar 'n kudde van 782 opgebou. Dit het beteken dat hy in 1805 die eienaar van ongeveer 65% van die totale getal aanteelskape in die veldkornetskap Franschhoek was. In latere jare het sy kudde egter geleidelik gekrimp sodat hy in 1819 oor slegs 300 aanteelskape beskik het. Teen 1822 is nie meer met aanteelskape in die Franschhoekvallei geboer nie en net enkele boere het nog hamels vir slagdoeleindes aangehou.<sup>51</sup>

## SLOTBESKOUING

Die Blanke nedersetting wat teen die einde van die 17de eeu in die Franschhoekvallei ontstaan het, was 'n direkte gevolg van die koms van die Hugenote na die Kaap. Sedert sy oopstelling as vestigingsgebied vir Blanke kolonisasie was landbou — veral wynbou en later ook die vrugtebedryf — steeds die vernaamste ekonomiese aktiwiteit in die gebied.

Ten spyte van die terugslae en teëspoed wat hulle in die pioniersjare getref het, het die nuwe geslag boere hulle oor die algemeen met toewyding en vlyt op die landbou toegelê. Sommige het vermoënde boere geword en hul plase deur ondernemingsgees en harde werk tot van die uitnemendste wyn- en vrugteplase in die Wes-Kaap ontwikkel. Hiertoë het die vrugbare grond en waterrykheid van die Franschhoekvallei ook 'n besondere bydrae gelewer.<sup>52</sup> □

<sup>48</sup> 1/STB 10/155 Gemengde inkomende briewe van veldkornette en private persone : D. Hugo — Landdros, 23.3.1805.

<sup>49</sup> J228 Opgaafrol ..., 1803.

<sup>50</sup> J243 en J252 Opgaafrolle ... vir onderskeidelik 1811 en 1816; SMUTS, *Stellenbosch*, pp. 178 en 204.

<sup>51</sup> J228, J232, J243, J260 en J266 Opgaafrolle ... vir onderskeidelik 1803, 1805, 1811, 1819 en 1822; 1/STB 20/8 Uitgaande briewe van Landdros en Heemrade : Landdros en Heemrade — P. Joubert, 30.11.1803; 1/STB 1/30 Notule van Landdros en Heemrade, 9.12.1811, p. 246.

<sup>52</sup> OBERHOLSTER en VAN BREDa, *Paarlvallei*, pp. 73 en 108; COERTZEN, *Hugenote van Suid-Afrika*, pp. 115-117.